

Inhoud hierdie preek wys hoe verbondsouers se kinders die Here se nuwe skeppings is en 'n nuwe innerlike het, anders as God se ou skeppings. God se nuwe skeppings werk in Christus só dat hulle sondes die Here s'n is en hulle vir God só reg is vir sy liefde en diens. Die ou skeppings van die Here se binnekant werk deur self reg te wil wees en alles self reg te wil maak met krag. Nuwe skeppings werk met sein en ou skeppings werk met krag. Ons doop baba van verbondsouers as God se nuwe skeppings.

Skriflesing Romeine 6: 1 – 8; 2 Korintiërs 5: 14 - 21

Teks 2 Kor. 5: 17: “Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepping. Die ou dinge het verby gegaan, - kyk, hulle het nuut geword.”

Tema In Christus is ons kinders nuwe skeppings.

1. Ons doop vanoggend Pieter en Luzaan Bonnema se seun Pedri. Is Pedri een van God se nuwe skeppings of is hy een van God se ou skeppings?

Ons kan die vraag en teksinhoud toelig met 'n voorbeeld. 'n Mens kry ou telefone wat met landlyne werk. Die ou fone word nou nog gemaak, maar dan kry jy selfone. Selfone is die nuwe fone wat gemaak word.

Wat is die verskil tussen ou en nuwe fone, want al twee soorte word nog gemaak?

'n Mens kan nie sê landlynfone is ou fone want hulle word nie meer gemaak of gebruik nie. Hulle word nog steeds gemaak en gebruik. Die groot verskil is dat landlynfone kan nie met en deur satelliete werk nie. Hulle kan nie satellietseine ontvang nie en kan ook nie seine na satelliete toe stuur nie. Hulle werk nie met seine nie, hulle werk met elektriese krag.

So! Die vraag is vandag: het die Here vir Petri een van die nuwe selfone gemaak of het die Here vir Pedri een van die ou soort fone gemaak? Dit is wat die Here in hierdie teks vir ons openbaar- God maak nuwe mense, nuwe skeppings en God maak mense ook nog van die ou skeppings.

Die nuwe skeppings wat God maak, is hulle wat ingesluit is in wie Jesus Christus is. Hulle is die nuwe skeppings wat God maak. Die oue is nie en kan nie in Christus ingesluit wees nie.

2. Hoe weet jy of 'n foon 'n nuwe selfoon is en of dit van die ou soort fone is?

Die fout wat ons aanhoudend maak is om na die uiterlike te kyk. Wat 'n selfoon regtig 'n selfoon maak is nie hoe dit uiterlik lyk nie – dit is die binnekant wat anders is.

Paulus wys op hierdie onderskeid al in 2 Kor. 5: 12: “Ons is nie weer besig om onself by julle aan te beveel nie, sodat julle iets kan hê teen dié wat op die uiterlike voorkoms beroem, en nie op wat in die hart is nie.”

In Christus is ons kinders nuwe skeppings

Só! As jy regtig wil weet wat 'n foon een van die oues maak en wat 'n foon een van die nuwe maak, dan moet jy na die binnekant van die foon kyk. Jy moet kyk hoe die foon in die binnekant werk, nie hoe dit van buite af lyk nie.

Hoe lyk die nuwe skeppings, die nuwe mense wat God maak in hulle binnekant?

Paulus wys dit in vers 14: “die liefde van Christus dryf ons, omdat ons tot dié insig gekom het dat, indien Een vir almal gesterf het, almal dan gesterf het.” Die liefde van Christus dryf ons beteken dit is hoe nuwe mense in hul binnekant werk – hulle word aangedryf deur die liefde van Christus. Hoe hierdie aandrywing, Christus se liefde, werk, is dat Een het vir almal gesterf en daarom het almal gesterf. Paulus beskryf dit weer in vers 21 só: “Hy wat nie sonde geken het nie, Hom het God ter wille van ons tot sonde gemaak, sodat ons in Hom voor God regverdig kon word.”

Dit is hoe die nuwe skeppings, God se nuwe mense, aangedryf word en in hul binnekant werk: Christus wat nie sonde gedoen het nie, het God ons sondes gemaak sodat ons vir God reg is.

Dit is die binnekant van nuwe mense: hulle glo en werk só soos die kinders besig is om in die kategeese te leer: syne is myne en myne is syne. My sonde is Jesus s'n en Jesus se lewe wat reg is tel vir my.

3. Die ou mense wat God maak se binnekant werk nie só nie!

Ou fone werk heeltemal anders as selfone! Hulle werk nie met seine nie, maar met kragimpulse. Ou fone werk met krag! Hulle binnekant kan net met krag werk.

Kyk hoe hoe beskryf Paulus die binnekant van mense wat God as ou mense maak: “Ek kan inderdaad vir hulle getuig dat hulle God met ywer dien, maar sonder insig. Omdat hulle die geregtigheid wat van God af kom, nie begryp nie, en probeer om hulle eiegeregtigheid tot stand te bring, het hulle hulle nie onderwerp aan die geregtigheid wat van God kom nie.” (Rom. 10: 1 – 3)

Hulle binnekant werk só: “Ons kry en hou ons self reg vir God met krag.” Dit is hoe die ou fone, ou mense wat God nog elke dag maak, werk: “Ons kry onself reg en hou onself reg met krag.”

Nou kan ons die binnekant van die ou skeppings van God en die nuwe skeppings van God langs mekaar sit en met mekaar vergelyk.

God se nuwe skeppings werk só: “Christus word my sonde gemaak sodat ons in Christus vir God reg is.”

God se ou skeppings werk só: “Ons kry onself reg en hou onself reg met God se krag.”

4. So? Is Pedri een van God se ou of is hy een van God se nuwe skeppings?

Dink julle dit kan ooit so werk dat wanneer jy 'n selfoon sien, jy eers moet wag en kyk hoe hy werk voor jy kan weet of dit 'n landlynfoon of 'n selfoon is?

In Christus is ons kinders nuwe skeppings

'n Mens kan glad nie die verskil sien tussen een van God se ou skepping en een van sy nuwe skeppings deur te kyk of mense godsdienstige werk nie. Kyk wat sê Paulus van hierdie ou fone: “Ek kan inderdaad vir hulle getuig dat hulle God vol ywer dien, maar sonder die regte insig.” Al die ou mense buite Christus is regtig besig om God vol ywer te dien: hulle bid, kom tot bekering, getuig, loof, en prys God, doen goeie werke en is ingestel om reg te doen en nie verkeerd te doen nie.

Ou fone werk regtig goed!

'n Mens kan nie maak asof ou fone nie werk nie. Hulle werk en hulle werk goed! Daarom sê Paulus hierdie ou mense wat God maak werk nog steeds godsdienstig goed.

Jy sien nie die verskil tussen ou skeppings en nuwe skeppings in hoe goed hulle werk nie, maar hoé hulle werk!

Die een werk met krag en landlyne en die ander met seine en 'n satelliet! Dit is waar jy sien en hoe jy sien hulle anders werk, nie of hulle kan bel of nie bel nie.

5. Om te weet of Pedri een van God se nuwe skeppings is, moet ons kan sien of hy in Christus is, nie of hy kan bid, bekeer, getuig, bely, loof en prys nie.

Dit is hoe jy weet of iemand 'n ou of nuwe skepping is, of hy in Christus is en in en deur Christus werk en of buite Christus is en met sy eie krag werk.

Dit is hoe die Here se Woord dit duidelik vir ons uitwys in ons teksvers: “as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepping, Die ou dinge het verbygegaan – kyk, hulle het nuut geword.”

As iemand “in Christus ingesluit is, dan werk só 'n persoon nuut: my sondes is alles die Here se sondes en daarom is ek altyd reg vir God se liefde en diens.

Daarom is die regte vraag of Pedri ingesluit is in Christus of uitgesluit is buite Christus? En die antwoord uit die Woord van die Here is – Pedri is in Christus, ingesluit in Christus.

6. Hoe is Pedri ingesluit in Christus?

Deur die magtige heerlikheid van God die Vader! Dit is hoe Paulus dit in Rom. 6 stel: “Deur die doop is ons dus saam met Hom in sy dood begrawe sodat, net soos Christus deur die magtige heerlikheid van die Vader uit die dood opgewek is, so ook ons 'n nuwe lewe sal lei.”

God die Vader is sy pa en ma se Vader. Hulle is God se nuwe selfone! En God het hierdie magtige belofte aan hulle gemaak – Ek sal julle kinders in sluit in Christus sodat hulle nuwe skeppings is. Dink julle God sal ooit so met sy kinders werk: Julle as pa en ma is my nuwe skeppings, my selfone, maar ek gaan julle kinders ou fone maak, landlynfone!

In Christus is ons kinders nuwe skeppings

God se heerlike magsdaad is sy verbondstrou dat hy sy kinders se kinders, as babas nuwe skeppings maak. Daarom verklaar Paulus in 1 Kor. 7: 14 dat God 'n gelowige se kind, vir sy liefde heilig maak, in Christus insluit.

En dit wys Pedri se doop in en met die water ons vanoggend!

Die doop wys dat Pedri ingesluit is in Jesus Christus. Die Here het vir ons hierdie teken gegee wat wys dat ons ingesluit is in Christus – die doop. Die Here Jesus wat sonder sonde was, het Hom as 'n sondaar laat doop en met sy doop al ons sondes Syne gemaak en dit aan die kruis vir altyd weg gevat. Ons doop wys dat ons ingedoop is in Jesus se regverdige en goeie lewe en dat ons daarom altyd reg vir God se liefde en diens is.

Dit is hoekom ons Pedri doop!

Dit is die teken wat wys die Here het hom ingesluit in Christus en so is al sy sondes Jesus se sondes gemaak en Pedri is vir God se liefde en diens altyd reg gemaak.

Hy is God een van God se nuwe selfone, nie van die ou landlynfone nie.

6. Hy kan sein vang van die satelliet, Jesus Christus en sein na die satelliet, Jesus Christus stuur!

Hy sal altyd as nuwe skepping, hierdie sein van die Here kan ontvang:

- Jesus is al Pedri se sondes, Pedri is nie vir God vol sonde nie;
- Jesus is vir Pedri se sondes gestraf, God sal nooit vir Pedri vir sy sondes straf nie.
- Jesus het vir Pedri se sondes in God se woede gesterf, Pedri leef elke dag in God se liefde.

Pedri sal elke keer hierdie sein glo wanneer die Here hierdie sein na Hom toe stuur – want hy is ingesluit in Christus en werk deur Christus – die liefde van Christus dryf ons omdat ons tot die insig gekom het dat, indien Een vir almal gesterf het, almal dan gesterf het, sodat die wat leef nie meer vir hulleself sal leef nie, maar vir Hom wat terwille van hulle gesterf en opgewek is.

Daarom sal Pedri ook hierdie sein na die Here toe kan stuur – ek glo in die Here en het die Here lief, want ek is reg vir God se liefde.

Pedri is nie een van die ou fone wat nie kan sein vang en sien stuur nie!

Hierdie ou fone werk só!

“Ek kry myself reg vir God en hou myself reg vir God, en ek werk vir God met sy krag!”

Ek kry my sondes reg, deur my sondes te bly, jammer te wees oor my sonde en te vergoed vir die sondes wat ek gedoen het. Ek hou myself reg deur altyd alles reg te doen deur God se krag en ek werk vir God met god se krag.

In Christus is ons kinders nuwe skeppings

Wat kan mense wat só werk nooit doen nie? Hulle kan nooit die sein ontvang – Hy wat nie sonde geken het nie, het God my sondes gemaak sodat ek vir God se liefde en diens altyd reg is nie.

Hulle kan ook nie sein na die Here toe stuur nie – ek vertrou die Here en het hom lief want Hy laat my reg wees vir Hom.

Pedri kan die Here se sein vang en sien na die Here stuur - want God die Vader het hom in Christus ingesluit. Hy is een van die nuwe skeppings.

Dit is wat sy doop altyd vir hom en ons sal wys: ingesluit in Christus werk hy deur Christus – sy sonde is Jesus s'n en hy is altyd reg vir God se liefde.

7. Ons mag dit nie sê en Pedri doop nie want Pedri is nie in Christus nie!

Daar is vandag baie mense, dominees, pastore en geestelike mense wat glo dat ons Pedri nie mag doop nie, want hy is nie in Christus ingesluit nie.

Hulle het 'n baie vreemde opvatting wat so klink – eers as Pedri sondes doen en sy sondes reg maak, kan hy 'n nuwe skepping word! Die manier waarop jy ingesluit word in Christus, is om eers sondes te doen en dan jou sondes reg te maak en jouself met God se krag reg te hou!

Jy word nuut wanneer jy sondes doen, jou sondes jou breek en jy besluit om jouself weer reg te kry met God se krag!

Wat is fout met hierdie dwaling?

- Wat se foon is 'n selfoon wanneer sy skerm breek? Dit is 'n selfoon met 'n gebreekte skerm!
- Wat se foon is 'n selfoon wat se battery pad is? Dit is 'n selfoon met 'n pap battery!
- Wat se foon is 'n selfoon wat 'n virus gekry het en nie wil werk nie? dit is 'n selfoon met 'n virus?
- Wat se foon is 'n selfoon wat nie aangesit is nie en nie sien ontvang of stuur nie? Dit is 'n selfoon wat af is!

Kan enigiets wat fout is of breek in 'n selfoon, van die selfoon 'n ou landlynfoon maak?

Kan julle sien hoe snaaks glo hierdie mense – wanneer Pedri iets sondigs gaan doen, gaan hy 'n ou landlynfoon word! Mar dit is mos sommer net nie die waarheid nie. Wanneer Pedri sondes gaan doen, gaan hy nie 'n ou mens word nie. Hy gaan nog juis 'n nuwe skepping van die Here wees vir wie dit só werk Jesus is my sondes sodat ek in God se liefde bly!

Net so snaaks glo hulle dat wanneer Pedri sy sondes gaan bely, sondes gaan los om net weer in God se liefde te leef en God te dien, dat hy eers dan 'n nuwe skepping van God gaan word!

In Christus is ons kinders nuwe skeppings

Wanneer 'n gebreekte selfoon reg gemaak word, word dit nie vir die eerste keer 'n selfoon nie. Dit is 'n selfoon wat net weer reg werk! Foute maak nie selfone landlyne en om reg te kom maak 'n landlyn nie 'n selfoon nie!

Pedri sal in sy sondes en in sy bekerings van sonde – altyd 'n nuwe skepping van die Here wees, want hy is ingesluit in Christus!

Hy werk op die nuwe manier van God: my sondes is die Here s'n en ek is altyd reg vir God se liefde! Hy sal nooit op die ou manier kan werk nie – ek moet myself vir God reg kry en reg hou nie.

8. Hoekom sê en doen mense sulke goed: “Ek het myself vir God reg gemaak en hou myself vir God reg met sy krag en daarop mag net sulke mense gedoop word?

Want hulle glo landlyne is die nuwe fone en hulle glo nie selfone kan regtig werk nie! Wat sal julle dink wanneer julle sulke mense raakloop wat dit vir jou probeer vertel: landlyne is die nuwe fone wat werk en selfone is nie regtig nie!

Dit is regtig wat die Jode met die eerste Christene gedoen het. Kyk hoe word dit in die Bybel vertel in Hand. 15: 1: “Daar het sekere mense van Judea af gekom wat die broers aanhou leer het: “As julle nie besny word ooreenkomstig die gebruik van Moses nie, kan julle nie verlos word nie.”

Hulle vertel vir selfone: Julle is die ou fone en ons landlynfone is die nuwe fone! Regtig! Hulle vertel vir hulle wat in Christus is, en só nuwe skeppings van die Here is: Julle is ou skeppings!

Jode het geglo die Christus gaan vir hulle krag gee om met krag te werk. Die Christus gaan vir hulle die krag gee om reg te bid, te getuig, te bekeer, te aanbid, te loof en te prys. Hulle glo met God se krag kry hulle hulself reg en hou hulle hulself reg vir God!

Maar Jesus Christus het nie gekom om vir ou landlynfone meer krag te gee nie. Jesus Christus het iets heeltemal nuuts kom maak – selfone: mense wie se sonde Jesus sy eie sonde laat wees en Jesus se heilige en regverdige lewe, hulle eie lewe laat wees. Dit is nie krag vir ou fone nie. Dit is nuwe fone wat nuut en anders werk – deur in Christus ingesluit te wees.

Hoekom mense sulke snaakse goed sê, soos jy moet eers sonde doen en jouself reg kry, voor jy in Christus is en gedoop kan word, is omdat hulle glo die ou godsdiens, ek kry my met God se krag reg en werk met God se krag, is die nuwe godsdiens.

Landlyne kan nooit glo daar is iets soos selfone nie – fone wat nie met krag nie maar met seine werk. Daarom sê Paulus hulle dien God met ywer, maar onder insig! Rom. 10: 1

In Christus is ons kinders nuwe skeppings

8. Pedri is een van die Here se nuwe skepping. Hy is in Christus en daarom gaan ons hom nou in Christus doop wat wys Jesus is al die sondes wat hy sy hele lewe lank gaan doen en Pedri sal altyd reg wees vir God se liefde en diens.

Hoe gaan dit Pedri se pa en ma se plig teenoor hom verander as hulle glo hy is een van God se nuwe skeppings?

Wanneer hulle hom só aanvaar, ons seun is in Christus, dan mag hulle hom nooit weer soos 'n ou foon sien en hanteer nie. Hulle moet hom altyd as een van die Here se nuwe selfone sien en hanteer!

Hoe is jy ouer vir 'n ou landlynfoon?

Jy moet altyd sorg dat hulle krag kry, want hulle werk net met krag. En dan moet jy sorg dat hulle altyd gekoppel is aan al die ander landlynfone, want hierdie fone kan net werk as hulle aan mekaar gekoppel is.

Die krag wat ouers vir sulke landlynkinders moet gee, is geestelike ervarings en belewenisse: hulle moet vir hulle kinders krag gee met bekerings-ervarings, herlewings-ervarings, vernuwings-ervarings, lofprysings-ervarings en aanbiddings-ervarings. Jy moet sorg vir krag-ervarings!

Hoe is jy ouer vir 'n selfoon?

Jy moet net sorg dat hy seinontvangs het!

Hy moet net die boodskap van Jesus Christus hoor. Paulus sê vir die Christene in Korinte dat die Here Jesus die boodskap van versoening aan die predikers van die Woord van God toevertrou het. Daarom sê hy: "Ons tree dan op as gesante ter wille van Christus, asof God self deur ons 'n beroep op julle doen. Ons pleit by julle om Christus ontwil: Laat julle met God versoen. Hy wat nie sonde geken het nie, Hom het God ter wille van ons sonde gemaak, sodat ons in Hom voor God regverdig kan wees. (2 Kor. 5: 20,21)

Paulus wys dat die predikers van God se boodskap is die seintorings vir die Here wat die satelliet bo die aarde is. Die Here se boodskap kom deur hierdie seintorings. Die seintorings maak nie die boodskap of stuur die boodskap nie. Hulle dra dit net oor!

9. Ouers moet saam met al die predikers van die Here se Woord vir hulle kinders seintorings wees. Hulle moet net die boodskap van die Here Jesus Christus aan hul kinders oordra en sorg dat hulle altyd hierdie sein kry. Hulle moet soos Wifi in die huis wees vir hulle kinders. Hulle moet altyd sorg dat hulle kinders die boodskap van die Here Jesus Christus kan ontvang.

Want as Pedri sein kry, sal hy as 'n nuwe skepping van die Here kan werk. Die Here het hom s gemaak dat hy met sein werk. Dit is net hoe selfone werk. Wanneer hulle sein kry dan maak al die apps op die foon oop en werk. Al wat nodig is vir die apps o te werk is sein, glad nie krag nie. Nuwe mense se apps, gebed, getuig, werk, dien, liefde, eer, loof, aanbidding en prysing, werk alles dadelik as hulle seinsontvangs

In Christus is ons kinders nuwe skeppings

het. Want hulle is die Here se nuwe skeppings. Hulle moet net die sien kry van die Here, hul satelliet – Al jou sondes is myne en is reg vir God se liefde en diens.

Kan julle dink hoe deurmekaar Pedri sal grootword as sy ouers nooit sorg dat hy die sein van Jesus Christus, die boodskap van die Here kry nie? Hy sal nie eers weet hy is 'n selfoon as hy nooit sein kry nie! Nie een van sy apps wat hy as nuwe foon het nie, sal werk nie. Net omdat hy nie sein ontvang nie – die boodskap van die Here Jesus Christus, sy satelliet nie.

Ouers mag nie kinders só verwaarloos nie. Hulle moet altyd sorg dat die Here se nuwe skeppings seinontvangs het.

Hoekom sal ouers dit doen? Nie sorg dat hulle kinders die Here se seinontvangs het nie?

Want hulle glo hulle kinders – is landlynfone. Hulle kinders moet wanneer hulle wil, soos hulle wil hulself met hul eie krag vir Here reg kry en reg hou!

Hulle glo nie die Here het hul kinders nuwe skeppings gemaak nie en behandel hulle soos die Here se ou landlynfone.

Kom ons glo dat die Here vir Pedri 'n nuwe skepping gemaak het. Kom ons gee aan hom die teken dat Hy in Christus is en hy die sein van God se liefde sal kan ontvang en daarvolgens kan werk.

Kom ons doop Pedri met die doop van Christus omdat hy in Christus is!

Kom ons doop hom as een van die Here se nuwe skeppings.